



## NGB Artikel 20

Die afgelope groepie artikels het gehandel oor die sondeval, die uitverkiesing, die menswording van Jesus Christus en die twee nature van Jesus Christus. Nou verskuif die fokus terug na God se handeling. Die indruk kan by sekere mense bestaan dat die heilsgeskiedenis deur die mens beheer word of dalk noodwendig spruit uit menslike optredes. Daarmee saam is die vraag na die ware aard van die heilsgeskiedenis. Dit kan selfs aanleiding gee tot verkeerde vrae: Wat is die mens se rol en prestasies? Hoe het God die mens nodig? Hoe het die mens God beweeg om genadig op te tree?

Twee sake word aan die orde gebring in artikel 20. Hulle is die Goddelike eienskappe van Regverdigheid (Geregtigheid) en Barmhartigheid. God is baie meer as hierdie eienskappe, maar het Homself nie anders openbaar nie. Ons kan daarom met geloofsoortuiging stel dat God regverdig en barmhartig is. Die ingrypende aard van hierdie eienskappe moet behoorlik verstaan word om die heilsgeskiedenis te kan begryp.

Daar moet uit die staanspoor duidelik gestel word dat die Satan geen rol speel nie. Jesus se kruisdood is nie die betaal van een of ander skuld wat aan die Bose verskuldig is nie. Die kruis se gebeure kan net vanuit God se Barmhartigheid en Regverdigheid (Geregtigheid) interpreteer word. Satan was geen skuldeiser of rolspeler in die proses van

versoening nie. Die Bose is wel die versoeker en verleier, maar nooit 'n rolspeler van belang nie. Die volledige teks van artikel 20 lui as volg:

## **GOD SE REGVERDIGHEID EN BARMHARTIGHEID IN CHRISTUS**

**Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, Sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem. Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur Sy aller bitterste lyding en sterwe dra. So het God Sy regverdigheid teenoor Sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het, en só Sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers Sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee, en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.**

In wat volg sal daar soos gebruiklik eers die teks in **vetdruk** aangehaal word en daarna sal daar kommentaar wees.

## **GOD SE REGVERDIGHEID EN BARMHARTIGHEID IN CHRISTUS**

Die Afrikaanse vertaling is ietwat misleidend. Sonder toegang tot die oorspronklike Franse teks of die amptelike Latyn vertaling blyk dit uit ander vertalings en die konteks duidelik dat die term (*δικαιοσυνης*) Regverdigheid eintlik met Geregtigheid (justice in Engels) vertaal moet word. Regverdigheid is in

denke en taalgebruik te ver verwyderd van die juridiese veld wat duidelik impliseer word deur die konteks. God se geregtigheid is inderdaad regverdig, maar regverdigheid is in menslike konteks nie altyd geregtigheid nie. Die keuse vir die woord 'regverdigheid'" het waarskynlike met taalpatrone te make. Ons kan met gemak stel dat God regverdig is, maar ons moet stel dat God se optrede deur geregtigheid gekenmerk word, of dat God geregtigheid verteenwoordig. In wat volg, gaan ongemaklike taalpatrone gehandhaaf word om die juridiese (en veel meer) aard van 'geregtigheid' aan te dui. Daar sal daarna verwys word dat God "geregtigheid is".

Die NGB het reeds uitvoerig oor die openbaring van God gehandel. God kies om Homself deur die Woord te openbaar. Dit is in die besonder die geval wanneer God se geregtigheid en barmhartigheid onder die loep geneem word. God openbaar hierdie aspekte van Sy wese slegs in Christus. Dit is deur die Here Jesus dat ons die volle omvang van God se barmhartigheid raaksien. Dit is in dieselfde optrede van Jesus dat ons die ware aard van God se geregtigheid besef.

### **Ons glo dat God,**

Dit is belangrik om raak te sien dat God die eerste en belangrikste rolspeler is. Die bron van ons geloof is die Bybel en die Bybel leer ons om sekere dinge aangaande God te glo. Die Bybel leer ons ook baie oor die mens en die skepping. In artikel 20 ,van die NGB is die fokus streng op God as een en enigste outeur van dit wat volg. Die mens het nie 'n aanvullende

rol te vervul nie. Ons is bloot dankbare ontvangers van die grootste gebeurtenis in die heilsgeskiedenis.

### **wat volkome barmhartig en regverdig is,**

Twee terme wat in ons denke uitsluitend van aard is, word hier naas mekaar geplaas. Ons kan kwalik geregtigheid met barmhartigheid versoen. Intendeel, ons verstaan barmhartigheid (kwytskelding of pardon skenk) as afgewaterde geregtigheid.

Hierdie twee terme word nou aan God toegedig. Dit beteken nie dat dit al is wat ons oor God kan bely nie, dit beteken net dat hierdie sake nou in die fokus is.

God is tegelyk barmhartig en geregtigheid. Die twee eienskappe word nie teen mekaar afgespeel nie. Die een word nie bo die ander gestel nie. Daar word nie proporsies of persentasies<sup>1</sup> daaraan toegedig nie. God is albei - volkome. God se optrede spruit in gelyke maat uit hierdie twee eienskappe, wat volkome deel is van Wie God is saam met al die ander eienskappe wat ons sou kon noem.

### **Sy Seun gestuur het**

Ons weet van hierdie eienskappe van God omdat Hy Sy Seun gestuur het. Deur Jesus Christus leer ons God ken, God openbaar Homself in Christus. God stuur die Tweede Persoon en ons leer dan God se geregtigheid en barmhartigheid ken. God het 'n besondere doel met hierdie 'stuur' van Sy Seun. Die Vader het gestuur, en die Seun het gehoor gegee en ingestem om te kom.

<sup>1</sup> En tog is God se optredes nie aan dieselfde volkomenheid onderhewig nie - Genesis 20:5b-6 "Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot

*in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooe gehoorsaam.*

**om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem.**

God wil die resultaat van die sondeval aanspreek. Om dit te doen, kies God om 'n algehele herstel moontlik te maak. Die mens was ongehoorsaam en het die dood en 'n sonde-bestaan as nuwe bedeling ingegaan. Die mens verdien die ewige straf van God. Om die saak te kan herstel is dit nodig dat dit van binne gedoen moet word. Daar kan nie iemand buite die bestaan bloot voorskrifte deurgee en diegene aan die binnekant volg die voorskrifte nie. Om die saak ten volle te herstel, moet die natuur ten volle aangeneem word. Om die ongehoorsaamheid ten volle te kan aanspreek, moet die Seun die menslike natuur ten volle aanneem.

**Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen**

Die dwingende aard van God se geregtigheid word aangedui deur die noodwendigheid van die menswording. Daar is nie 'n ander keuse as om aan die geregtigheid, vanuit die mens se diepste wese, ten volle te voldoen nie. Ons moet die absolute eise van God se geregtigheid probeer verstaan.

**en die straf vir die sondes**

Hier kom nou die kruks van die probleem. Die 'ongehoorsaamheid' se beter naam is 'sonde'. Sonde is nie 'n saak wat ligtelik opgeneem kan word nie. Sonde het die wese van die mens na die donker dieptes van verderf en dood afgetrek. Sonde is nie 'n saak wat ignoreer of eenkant geplaas kan word nie. Sonde moet gestraf word. Die straf vir die sonde is lyding en dood. God se geregtigheid eis

dat die sonde gestraf moet word. Die enigste Regverdige hantering van die sonde, is om dit ten volle te straf. Na die sondeval is die mensdom onder die oordeel van God. Hierdie oordeel is regverdig, dit is na Sy geregtigheid wat ons moet kyk om raak te sien dat sonde nie anders hanteer kan word nie. Die straf moet toegedien word omdat God se geregtigheid volkome is.

**deur Sy aller bitterste lyding en sterwe dra.**

Jesus het hierdie straf vir die sonde gedra. Hy het dit gedoen deur te ly en te sterwe. Dit is die pad wat elke mens moet stap. Ons almal is sondaars, ons moet gestraf word en sterf. God se geregtigheid kan nie afgewater word nie. Jesus is anders as ons omdat Hy sonder sonde was. Deur die straf op Homself te neem, het Hy die prys betaal wat deur God se geregtigheid geëis word.

Geen sentimentele gesprek oor God se liefde kan hierdie eis van geregtigheid ophef nie. Diegene wat God se geregtigheid teen Sy liefde afspeel, verstaan nie dat God se geregtigheid en Sy barmhartigheid juis in die ruimte van die liefde na vore kom nie. Jesus se lyding was juis bitter tot in die uiterste omdat Hy onskuldig was en omdat Hy al die straf (nimmereindigend) vir al ons sonde (nimmereindigend) op Hom geneem het.

**So het God Sy regverdigheid teenoor Sy Seun betoon**

God se geregtigheid eis dat die sonde gestraf moet word. Hierdie geregtigheid kan nie vermy word nie. God kies nou om hierdie geregtigheid op 'n besondere manier te hanteer. Diegene wat eintlik aan die ontvangkant moet wees, word

oorgesien. God se geregtigheid kom tot openbaring in God se optrede teenoor die Seun.

God se regverdigheid is nie 'n saak wat binne die Godheid hanteer of afgehandel kan word nie. Die mens (Adam) het oortree en daarom moet die mens (Jesus Christus aan die eise van Goddelike geregtigheid voldoen. Die mens (Adam) sal vergaan; indien die prys van voldoening van hom opgeëis word. Tog moet God se geregtigheid betoon word, openbaar gemaak word. Geregtigheid eis dat die sonde ten volle aangespreek moet word.

**toe Hy ons sondelas op Hom gelê het,**

Die Seun het mens geword, die Tweede Persoon het Jesus Christus geword. Hy het mens geword, ten volle mens geword, soos daardie eerste mens geword. Die mens voor die sondeval en die mens van die Inkarnasie was albei sonder sonde. Die mens van die inkarnasie kan nou in die plek van die mens voor die sondeval gaan staan. God kan nou die sondelas op hierdie mens plaas.

Die tweede Adam is sonder sonde en tog is alle sonde (nimmereindigend) op Hom geplaas. Die een begin (sondeval) kan deur die een herstel (betaal na God se geregtigheid) weer op koers geplaas word. Die fokus van God na Sy geregtigheid is op die een op Wie die sondelas geplaas is. Hy verdien dit nie, Hy kies om dit op Hom te neem. God se geregtigheid word in die ruimte van die skepping in ere herstel.

**en só Sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons,**

Net soos God se fokus na Sy geregtigheid gerig is op die een wat die straf ontvang

(wat die volle prys betaal), net so is Sy barmhartigheid gefokus op die begunstigde van die seëviering van geregtigheid. God se geregtigheid is ten volle gerig op die Seun van die mens, Sy barmhartigheid en goedheid word oor ons as begunstigde uitgestort.

**wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het.**

Dinge kon so anders gewees het. Indien die Tweede Persoon nie mens geword het nie, sou daar geen plaasvervanger kon wees nie. Die skuld van die sonde en die dood en vervloeking wat daarmee gepaard gaan, sou op ons gerus het. God se geregtigheid maak straf ononderhandelbaar. Dit wat ons verdien en dit wat ons ontvang, verskil gelukkig van mekaar. Ons is skuldig en verdien die dood, maar ons ontvang God se genade omdat Sy Seun aan die eise van Sy geregtigheid voldoen het. God se fokus in terme van geregtigheid is nie op diegene wat dit verdien nie, maar op Hom wat kies om dit op Hom te neem.

**Hy het immers Sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee,**

God se liefde kom tot uiting in die grootste opoffering denkbaar. Hy laat Sy Seun toe om Homself in ons plek aan te bied. God kies om hierdie aanbod te aanvaar deur die eise van geregtigheid aan Jesus te stel. Hy het aan die eise voldoen, die volle prys betaal. Omdat Jesus ten volle God is en bly, kan Hy in Sy nimmereindigheid ten volle betaal vir ons nimmereindigende sonde. Die liefde is volmaak en die versoening is volmaak.

**en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek,**

Nadat die prys ten volle betaal is, het God die Seun ook opgewek. Hierdie opwekking bevestig dat Jesus onregverdig behandel is en tog deur God regverdig verklaar is. Hy het die straf vir die sonde gedra en weggedra. Dit beteken nie dat Hy verlore geraak het en in die obskuriteit van skuld verdwyn het nie. Sy opstanding is bewys dat daar aan die geregtigheid van God voldoen is. Jesus se opwekking is die bewys dat God se genade verder strek as net die straf aanspreek. Die opstanding is die verklaring dat ons ook nou deur God as regverdig gesien word.

Hierdie punt moet onderstreep word. Jesus se opstanding maak nie ons redding moontlik nie, Jesus se opstanding is ons redding. Daar is nie nog iets wat ons moet doen om by God se genade aan te sluit nie. Ons is gered.

**sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.**

God se liefde as die ruimte waarbinne ons Sy geregtigheid en Sy barmhartigheid belewe, dui ook op die rede vir hierdie genade. Ons ontvang onsterflikheid en sien uit na die ewige lewe. Hierdie dood is tydelik, die dood gaan self eendag sterf!